31 Augustus **Skrifgedeelte: Spreuke 9**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:17-18

Die sonde maak jou blind en halsoorkop

Mense volhard in sondes wat telkens uitloop op ernstige straf en rampspoed. Die *bedrieër* sien bedrog word uitgevind en gestraf. Die *moordenaar* weet hy gaan vasgetrek word. Die *dief* moet besef dat hy gevang en gestraf gaan word. Die *seksuele oortreder* se wandade gaan hom inhaal. Dit is die patroon. Sondes, oortredings, boosheid, misstappe word ontdek en bring hartseer, pyn, skande, vernedering en smaad. Nogtans doen mense verkeerde dinge dag vir dag, weer en weer. Die mens gaan lustig voort om God se wet te oortree, al sien hulle dat die gevolge daarvan nie uitbly nie. Hoekom is dit so? Spreuke 1:17-18 gee die antwoord! Dit is omdat die sondaar optree soos 'n dom voël. Die sonde maak die mens so blind en dom dat hy nie in staat is om die gevolge van sy onderduimse planne te sien nie. 'n Voël sien die vangnet is gespan en hy sien die wip is gereed, maar nogtans gaan die voël agter die aas aan en word gevang. Keer op keer! Die sondedade wat die oortreder beplan, word mettertyd 'n swaar rots wat op sy eie lewe neerstort en dit verpletter. Soos met Adam en Eva in die Paradys maak die Satan ons herhaaldelik blind vir die gevolge van ons dade. Gelowiges wat deur God se genade luister na sy Woord en Gees, sal oor die versoekinge en verleidinge heers (Gen 4:7) en vir die sonde wegvlug (1 Kor 6:18; 1 Kor 10:14; 2 Tim 2:2). Jesus Christus het ons immers verlos!

Sing: Psalm 130:2 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)